Eerste LandMark-winkel verrys in NWK-gebied

NWK het sopas ‘n eerste LandMark winkel op Ottosdal geopen. Dié landboubesigheid het die besluit geneem om sy totale kleinhandelnetwerk na Agrinet se LandMark-konsep om te skakel.

Tydens die opening op Ottosdal het mnr Dirk Lotter, direkteur: Handel, gesê afgesien van die volledigheid van reekse en kundigheid op die vloer as die primêre onderskeid, is die mikpunt om die volgende te bewerkstellig:

- ’n beter inkopie-ervaring;
- ’n nasionale handelsmerk en die krag van gesamentlike bemarking;
- vinnige en doeltreffende uitbreiding sonder groot kapitale investering;
- geakkrediteerde bestuurs- en verkoopsopleiding vir personeel van NWK;
- beter toegang tot nuwe markte; en
- produkaanbieding en winkeluitleg volgens neergelegde norme.

Mnr Brand Theunissen, besturende direkteur van Agrinet, het ook in sy toespraak gesê dat die LandMark franchise se hoofdoel is om nasionaal te funksioneer wat ‘n voordeel vir alle LandMark-winkels vir die toekoms sal inhou. Hy het bygevoeg dat die LandMark-konsep uniek is aangesien dit ontstaan het uit ‘n gevestigde waardeketting en infrastruktuur – met ‘n distribusiesentrum en verspreidingnetwerk wat reeds in plek is.

DIE PRODUKREEKS

Die LandMark-konsep is ’n model waarvolgens landbouwinkels deel word van ’n nasionale handelsmerk en groep. Landbou, tuinbou, gereedskap en boubenodighede vorm die kern van die produkaanbieding, terwyl buitelewe en huishoudelike produkte ’n addisionele fokus bied.

OMSKAKELING VAN BESTAANDE HANDELSWINKELS

Die omvang van die omskakeling gaan ook afhang van die grootte van die winkel. By sommige winkels gaan geringe veranderinge plaasvind, terwyl daar by die groter winkels veral gefokus sal word op die winkeluitleg, voorraad en produkaanbieding.

NWK beplan om 17 handelswinkels gedurende die volgende twee jaar om te skakel. Koster is volgende aan die beurt, waarna nog 15 winkels sal volg. Die winkels bly steeds die eiendom van NWK en sal steeds deur NWK bestuur word.

Die Ottosdal winkel het ook tans openingswinskopies wat geldig is tot 10 Mei 2008. Skakel hulle gerus vir meer inligting by 018 571 0053.

LandMark

Binnekort is daar ’n NWK LandMark-winkel naby jou.

Die plaasvars LandMark-tema is ook deurgetrek na die interieur van die winkels.

infoworks (018) 468-2716